

# RIEPIE 2WEEKLIKS

9 Maart 2026

UITGAWE 68

## HOU DIE DATUMS OOP:
Kwartaal 1

## OBARO SE INTER UNIE
Menere neem ywerig deel

## LIMPOPO-ATLETIEK
*Méhanri & Niane verteenwoordig die Riepies*

## SUPER M'ETJIES
*Ontdek hul sintuie*

## #LEKKERPLEK
# DANKBAAR

TROTSE RIEPIE
LEWE & STREWE








Uit die pen van

# Juffrou Denise



Soms is dit nodig om weer die dankbaarheidslysie af te stof – of sommer 'n paar nuwe dinge by te skryf. Hoe gelukkig jy is, hang grootliks af van jou graad van dankbaarheid.

## Dis nie waarna jy kyk nie, maar wat jy sien.



Ek preek eintlik vir myself. 'n Mens wil so vinnig kerm en kla oor jou omstandighede.
Ek werk lang ure… jy hét 'n werk.
Ek word te min betaal… jy kry 'n salaris.
Ek haat dit om te gaan oefen… jy kán oefen.
My lysie kan aan en aan gaan.



Om elke hoek en draai word ons gebombardeer met negatiwiteit. 'n Mens moet baie versigtig wees, want dit waarmee jy jouself besig hou, raak jy goed in. En voor jy jou oë uitvee, het jy 'n honneursgraad in kerm en kla.



Ek is meestal baie vroeg by die skool. Vanoggend het ek weer besef hoe maklik 'n mens kerm en kla met die witbrood onder die arm.
Ek ry met 'n kar skooltoe.
Ek drink "fancy" koffie uit my Stanley.
Die kinders is opgewonde en glimlag as hulle my sien.
Die berg is asemrowend.
Dit reën!
Ek ruik vars gesnyde gras as oom Marius met sy trekker verby ry.
Die personeelkamer gons.
Die kinders speel 'n hond uit 'n bos.
Daar is anonieme prentjies op my lessenaar… en die mooiste skildery van 'n blou papegaai.
My lysie gaan aan en aan.





## En hierdie is die lysie wat saak maak.

Maak jou potlood skerp… begin skryf aan jou dankbaarheidslysie.
As jy eers begin skryf, besef jy daar is baie meer as wat jy gedink het.

#dankbaarvirdielekkerplek

# DAGBOEK DIE DATUMS

Kwartaal 1

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| **10 Mrt.** | **Di.** | **TOETS : EBW (Gr.7)** |
| **12 Mrt.** | **Do.** | **TOETS : SW (Geografie)** |
| **13 Mrt.** | **Vr.** | Rugby & Netbal : Vriendskaplik teen Ls. Witrivier @ Ls. Mariepskop |
| | | $\pi = 3,14$ -dag |
| **14 Mrt.** | **Sa.** | Rugby @ Groenskool |
| **18 Mrt.** | **Wo.** | Redenaarsaand (Juniors) |
| | | Netbal : "Cluster"-proewe (o. 12 & o. 13) |
| **19 Mrt.** | **Do.** | Redenaarsdaand (Seniors) |
| **21 Mrt.** | **Sa.** | MENSEREGTEDAG |
| | | Juffrou Simoné verjaar |
| | | Gholfdag |
| **22 Mrt.** | **So.** | Rugbyweek |
| | | Juffrou Lea verjaar |
| **23 Mrt.** | **Ma.** | Rugbyweek |
| | | Netbal (o. 9 - o. 11) & Rugby (o.9) : Larrietoernooi @ Ls. Tzaneen<br>*Netbal : A- en B-spanne |
| **24 Mrt.** | **Di.** | Rugbyweek |
| | | Netbal (o. 9 - o. 11) : Larrietoernooi @ Ls. Tzaneen<br>*Netbal : A- en B-spanne |
| | | Mininetbal : Kliniek (o. 6 - o. 8) @ Ls. Mariepskop |
| | | Rugby Prestige-toernooi (o. 9) @ Ls. Tzaneen |

# DAGBOEK DIE DATUMS

**Kwartaal 1 & 2**

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| **25 Mrt.** | **Wo.** | Rugbyweek |
| **26 Mrt.** | **Do.** | Rugby & Netbal (o.12 & o.13) St. Stithians-toer |
| **27 Mrt.** | **Vr.** | Rugby & Netbal (o. 12 & o. 13) St. Stithians-toer<br>**SKOOL SLUIT** |
| **28 Mrt.** | **Sa.** | Rugby & Netbal (o.12 & o.13) St. Stithians-toer |
| **29 Mrt.** | **So.** | Rugby & Netbal (o. 12 & o. 13) St. Stithians-toer |
| **4 Apr.** | **Sa.** | Tannie Irene verjaar |
| **6 Apr.** | **Ma.** | Tannie Migotte verjaar |
| **8 Apr.** | **Wo.** | **SKOOL OPEN** |
| **10 Apr.** | **Vr.** | R5-verkope by juf. Annie se Paasfeeswinkel |
| **11 Apr.** | **Sa.** | Tannie Carien de Lange verjaar |
| **13 Apr.** | **Ma.** | VR-education |
| **16 Apr.** | **Do.** | Netbal : Distriksproewe (o. 12 & o. 13) @ Ls. Dr. Annecke<br>Tannie Lydia verjaar |
| **23 Apr.** | **Do.** | Netbal : Vriendskaplik vs LA @ Ls. Mariepskop |
| **25 Apr.** | **Sa.** | Mininetbal : PEP mininetbaldag @ |




admin@laerskoolmariepskop.com  079 529 6071  Maréstraat 9, Kampersrus

RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN

## ATLETIEK

Baie geluk aan ons twee topatlete wat die streek op 6 Maart 2026 by die Limpopo-kampioenskappe te Peter Mokaba Stadion in Polokwane verteenwoordig het.
Méhanri Scheepers (o. 10) het aan die 80 m-naellope en 70 m-hekkies deelgeneem, terwyl Niane Scholtz (o. 11) aan gewigstoot en 70 m-hekkies deelgeneem het. Niane was 3de in haar lopie met die hekkies en 6de in gewigstoot. Méhanri was algeheel 4de in die 80 m-naellope en 1ste in die 70 m-hekkies.  Ons wag nog vir finale uitslae om te hoor of Méhanri deurdring na die SA atletiekkampioenskappe.
Ons is baie trots op julle prestasies.



## SWERWERS

Ons weet reeds dat ons kaalvoetkinders enige iets kan doen, maar het julle geweet hulle is ook goeie vissermanne en -vroue?  'n Hele klompie Riepies het 27 -28 Februarie aan die jaarlikse Swerwers visvangkompetisie deelgeneem.  Tydens hierdie kompetisie kan 'n mens die gewildste visspesies in enige dam in die Hoedspruit-omgewing vang en inskryf vir die wenprys.  Baie geluk aan die volgende Riepies wat pryse gewen het in dié kompetisie : Zoë Redelinghuys (grootste baars/"bass" - o. 13); Marcus Otto (grootste baber - o. 13); Johann Meintjes (grootste karp - o. 13); Mikhaila Potgieter (grootste karp in die dameskategorie) en Hendrik van der Berg (grootste kurper - o. 13).







## GR.5-INSTAPPIE

Op Vrydag 20 Februarie het Hoedspruit Privaat Hospitaal se radiograaf (van M&D Radiologie), Me. Cherine Bates, 'n draai kom maak by die graad 5's om hulle meer te leer hoe beweging in die menslike liggaam en skelet werk. Die graad 5's het geleer hoe werk hulle spiere, kraakbeen, ligamente, tendons en bene gelyktydig saam om beweging moontlik te maak. Die Riepies wil graag dankie sê aan Me. Bates vir haar tyd en opoffering!



RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN







## MELKTERT

Op 27 Februarie het die Riepies saam met die res van die land Nasionale Melktertdag gevier.  Ons het sommer Internasionale Moedertaaldag, wat 21 Febr. was, saam gevier.  Op dié dag kon leerders soos 'n idioom of trots Afrikaans aantrek.  Die snoepie het seker gemaak dat daar melktert in voorraad is om hierdie spesiale dag te herdenk.  Ons o. 13-netbaldogters neem tans deel aan 'n "no sugar challenge", maar hul afrigter het besluit dat hulle ook 'n stukkie melktert kon geniet - dit het sommiges selfs in trane gehad!



Mnr. Stephan & mnr. Eben


## INTER UNIE

Twee van ons personeellede, mnr. Stephan & mnr. Eben, het die Hoedspruit Vlakvarke verteenwoordig tydens die jaarlikse Obaro Inter Unie vir jong boere. Dié span het 'n uitstekende derde plek uit die 21 deelnemende spanne behaal.  Met hierdie prestasie het hulle ook 'n kontantprys van R35 000 gewen, wat weer tot voordeel van die gemeenskap aangewend word deur dit aan Plaaswag te skenk.




Neem deel aan die pret deur met elke uitgawe van die R2W vir Renier die Rooiduiker of die versteekte spelfout op te spoor.

In die vorige uitgawe het Kate Nel vir Renier die Rooiduiker opgespoor.



Karen van der Meulen het die spelfout raakgelees.
Die woord *regtig* kan ook geskryf word as *rêrig*, maar nie as *rerig* nie.



RIEPIE-PERSONEEL

#BEGINNET

# Maart
# VERJAARSDAE

**2** Tannie Goodness




**21** Juf. Simoné Erasmus




**22** Juffrou Lea Oberholster




**22** Juffrou Leandri Viviers









“Baie geluk Juf. Daleen en Reinhardt met die wonderlike nuus dat 'n klein seuntjie op pad is. Mag hierdie nuwe hoofstuk vreugde , liefde en soveel seëninge vir julle gesin inhou.”



# SO GEMAAK... SUPER M'ETJES!

## Ouma Melktert

Die bekende Ouma Melktert het die lekkerplekkie besoek vir Nasionale Melktertdag. Die kleuters is mal oor haar. Sy het elke Super M'etjie bederf met 'n bakkie melkkos. Dankie, Ouma Melktert.



## Tema : Sintuie

Hierdie twee weke het ons kleuters op 'n lekker praktiese manier die tema aangepak. Hulle het hulle eie toebroodjies gemaak, soet, suur en sout geproe. Daar is met jellie gespeel (en natuurlik ook geproe daaraan), elke klas kan ook spog met 5 pragtige kunsstukke oor sintuie, wat die Super M'etjies gemaak het. Elke kleuter het werklik al vyf sintuie gebruik en geniet.


## Kleuterklets

As Ouma Melktert vir die kleuters vra wat ons bo-op melktert strooi - of saam met melkkos eet... "Kameel en suiker, Ouma Melktert... kameel en suiker!"





SUPER M'etjie LEWE & STREWE


PALEOPET
PURE™
Balanced Ancestral Raw Food for Pets
Biologically Appropriate Raw food for dogs and cats
We offer a variety of complete and complementary Raw Foods/Meals, Treats, Bones, Supplements & Pro-biotics
Food is made only from the freshest, human food grade ingredients
Free range poultry from birds that are allowed to roam outdoors
Beef comes from cattle that are veld reared for the first year of their lives
All products are sourced locally ensuring we have complete traceability from farm to finished product
Feeding Healthy raw meals enables you to see improvements in the appearance of your animals coats, eyes and teeth, but also an increase in their energy and the elimination of some ailments undoubtedly associated food.
Monthly Deliveries to Hoedspruit & Kampersrus
Contact: Kylie McGuirk | 072 898 6201 or ktrewavas@gmail.com
PALEOPET PURE
PALEOPET PURE
PURE
100% RAW
FIT FOR A
MADE FROM HUMAN FOOD GRADE INGREDIENTS

# SALTY
## BUSH WEAR
## HOEDSPRUIT

082 377 6248 | Shop 6, Time Square, Huilboerboon Street

## Unique toys and gifts for boys and girls



Pangolin



Puzzle






Mini - Movers



Big 5



Mens, Ladies, Kiddies Bush Wear and Accessories



# ADVERTEER IN DIE RIEPIE2WEEKLIKS!

Bereik 300 gesinne in een uitgawe!
2000+ followers op Facebook!

R300 - 1ste plasing
R200 - vanaf 2de plasing

Chantelle Redelinghuys
072 958 0079